CCPS — An AIChE Technology Alliance — Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon — 10 Year Anniversary
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
**Boodskap vir bedryfspersoneel**

Die uitgawe is borg deur:
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Wat kan ek doen? Ek is maar net 'n operateur!

**September 2012**

Werkers sê gereeld: "Wat kan ek doen om die veiligheid van ons prosesse te verbeter? Ek is maar net 'n operateur (of ambagsman, tegnikus, ens.) Ek draai kleppe, bedryf of stel toerusting, neem monsters of swaai spanners." Dit is waar dat operateurs en ambagsmanne nie die proseschemie, die aanlegontwerp of materiale van konstruksie kan verander nie. Tog het hulle die beste oorsig van die proses. Hulle weet hoe die proses reageer, hoe toerusting faal en onder watter kondisies die aanleg die beste loop.

Die bekende bofbalspeler Yogi Berra het gesê: "Jy kan ongelooflik baie waarneem deur net te kyk." Dit is ook waar oor prosesveiligheid! Jy kan baie dinge omtrent die proses waarneem deur net te kyk en te luister. Ongewone geluide kan dui op 'n dreigende toerustingprobleem. 'n Vuil of nat kol op pype of op die vloer kan die begin wees van 'n lek. Toerustingprobleme en lekke los nie hul self op nie! Rapporteer wat jy sien of hoor, skryf 'n werksversoek uit of praat met jou toesighouer daaroor.

Die foto's wys voorbeelde van probleme wat jy dalk op jou aanleg kan kry.



Kan die geroeste klep nog oop of toemaak of gaan dit afbreek?




Die stof op die motor is 'n brendgevaar of slfs 'n stofontploffingsrisiko.



Geroeste lekkende pyp!



Is daar dalk iets wat lek by die flens?



← Wees op die uitkyk vir elektriese of bedradings probleme.



Boute weg!

## Wat kan jy doen?

- Verstaan jou prosesse en toerusting. Jy moet weet hoe dit veronderstel is om te werk, en hoe jy gaan weet as iets begin verkeerd loop.
- Wees wakker vir enigiets wat ongewoon is – geluide, reuke, druppe, lekke of vibrasie. As iets nie reg lyk nie, vertel iemand!
- Voltooi inspeksies noukeurig. Selfs as die probleem reeds geruime tyd op die inspeksielys voorkom, moet jy seker maak dat dit weer aangeteken word en jou toesighouer laat weet dat dit reeds geruime tyd voorkom.
- Rapporteer bekommernisse oor veiligheid onmiddelik – soos byvoorbeeld veiligheidskerms wat weg is, flensboute wat weg is en los klampe wat pype moet vashou kan 'n verspilling, 'n brand, beserings of selfs 'n katastrofiese ongeluk veroorsaak.
- Gebruik spanvergaderings en veiligheidsvergaderings om bekommernisse oor veiligheid te bespreek en luister ook na wat ander hieroor te sê het.

Doen jou deel. As jy byvoorbeeld gevra word om bedryfsprosedures of voorgestelde veranderinge te hersien, doen dit asof jou lewe daarvan afhang. WANT DIT MAG DALK!

***Prosesveiligheid is almal se verantwoordelikheid!***

AIChE © 2012. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Telugu, Thai, and Vietnamese.**